

Maandag 7 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 3:11-24

Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:20

God is groter as ons gewete

'n Skoon gewete is 'n baie kosbare geestelike geskenk. Die absolute oortuiging dat jy aan God behoort en sy kind is, gee 'n mens vrymoedigheid om na God te gaan en die sekerheid om met vertroue tot Hom te bid (3:21). Dikwels het 'n mens egter 'n stryd in jou gewete. Die aard van die stryd is soos 'n hofsaak. Daar is jou gewete wat die aanklaer is, daar is God die Regter, en daar is jy, die verdediger. Die saak waaroor dit gaan, is natuurlik die sonde. Sonde wat jy wetend of onwetend, met die daad of deur nalating begaan het. Hoe kan 'n mens in so 'n hofsaak staande bly en weer 'n skoon gewete verkry? Johannes sê: Goeie werke kan help om ons gewete tot rus te bring. Hoe meer ons daarin slaag om (uit dankbaarheid vir wat Jesus gedoen het) opregte liefde aan ander te bewys, hoe meer verkry ons sekerheid dat ons God se kinders is (3:19).

Goeie werke alleen kan egter nooit die basis van 'n skoon gewete vorm nie. Uiteindelik is 'n skoon gewete 'n sekerheid wat die Heilige Gees in ons harte werk. Ten spyte van al ons swakhede en sondes hou die Gees aan om ons te verseker dat ons deur Jesus se verdienste onlosmaaklik aan God en sy liefde gebonde is (3:24). Daarom, al kla ons ge-wete ons aan, moet ons nog die geloofsprong waag om wel na God te gaan en aan sy ge-nade vas te gryp. "God is groter as ons gewete", sê Johannes, "en *Hy weet alles*" (3:20).

Miskien het Johannes, toe hy hierdie woorde neerskrywe, aan Petrus gedink. Toe Jesus Petrus die derde keer vra of hy Hom liefhet, het ook hy immers vol droefheid oor sy sonde uitgeroep: "Here, *U weet alles*. U weet dat ek U liefhet" (Joh. 21:17). So 'n geloofsprong in die arms van die alwetende en genadige Vader bring uiteindelik 'n skuldige gewete tot rus.

Sing: *Skrifberyming 12-3:1, 2*

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)